



*NG Kerk KraggaKamma*

*Ons is God se Fontein van Liefde / Hart vir Nelson Mandelabaai*

---

## Die storie van die Water...

---

Stoffel en Wouter is op. Hulle is hard aan die oefen. Leë waterbottel by hulle.

Stoffel: Haai Wouter, ons oefen darem maar hard, né?

Wouter: O, ja! My pa sê as ons nie die eerste span haal nie is daar sowaar fout met Mnr Rassie se oë !!

Stoffel: Ja, is so!! Jy weet, Wouter, ek is nou so fiks, ek sal n cheetah weghol oor n 100M!

Wouter: Ag, issie man, Ek is tog fikser as jy, want ek is so sterk, ek lig vir Vet Fanie so hoog in die skrum dat hy hoogtevrees kry!

Stoffel: Ha, ha, ha... Jy is darem maar snaaks, Wouter!

[Probeer van sy water drink, maar sien dan dis op]

Het jy nog water Wouter? Myne is op en ek is sooo dors van al die oefen, ek dink ek kan n swembad leeg drink.

Wouter: O, gaats, nee, myne is al lankal op...

Stoffel: Nou wat nou, huh??

[Wysmuis kom op.]

Wysmuis: Hallo Stoffel en Wouter!!

Lyk my julle is hard aan die oefen hier vanmôre.

Wouter: O ja!!! Maar nou is ons water op! En ons gaan dood van die dors!

Stoffel: Ja, het jy nie vir ons water nie, Wysmuis?

Wysmuis: O, nee, ek het nou nie water saamgebring nie, maar dalk kan ons van die dominee se water kry?

Stoffel: O, ja.... Ag Dominee, kan ek en Wouter nie asb n slukkie water kry nie?

Wouter: Ja, ag asb Dominee.....ons is baie dors!!

[Iemand gee water in glas aan en laat Stoffel en Wouter drink.]

Stoffel en Wouter: Sjoë , ahhhh.... dankie , dis nou sommer baaaie beter!

Wysmuis : Ahhh, so bly julle voel beter! Nou wil ek julle graag vertel van die baie spesiale water waarvan die Bybel ons leer.

Het julle geweet dat daar in die Bybel gepraat word van die **Lewende water** !!??

Stoffel: Huh ... nee...

Wouter: Mmmmm...nee...

Wysmuis : O, ja! In Johannes praat Jesus met n vrou en Hy gee vir haar Lewende Water om te drink. En dan sê Hy vir haar dat as sy dié water drink sy nooit weer dors sal word nie!!!

Wouter: Waaat?? Regtig Wysmuis??

Stoffel: Waar kan ons van daai water kry , Wysmuis?

Wysmuis: Wel, Jy kan dit nou nie sien soos regtige water nie en ook nie proe soos regtige water nie, maar Jesus sê as ons Hom innooi om in ons hartjies te kom woon dan is Hy soos n borrelende fontein binne in ons wat nooit ophou nie.

Stoffel: O, so Hy kom by ons bly en gee vir ons genoeg van Sy lewende water en dan raak ons nie meer dors om verkeerde goed te doen nie?

Wysmuis: Ja, amper so.. Hy kom maak ons bly , gee ons hoop, vrede en ook kom lei Hy ons op die regte pad.

Wouter: Ja, maar hoe kry ons al daai goed van die Lewende water?

Wysmuis: Wel , jy moet jou Bybel lees en bid .En jy moet glo dat Jesus vir jou sonde aan die kruis gesterf het en dat Hy jou baie, baie liefhet.

Stoffel : Klink vir my goed! Ek gaan sommer nou luister wat die Dominee vir ons uit die Bybel gaan lees!

Wouter: Ja! En dan gaan ek slaap !! [gaap] Want ek is nou verskriklik moeg!

Wysmuis: Nou goed dan julle twee, kom ons gaan luister na wat die dominee vandag vir ons wil leer!!

Almal: Totsiens, maatjies!!! Tot volgende keer!!!!

Geskryf deur Petru Vlok